

# PAARL-SKOOL
**NUUSBRIEF 3/2024**

# PAARL SCHOOL
**NEWSLETTER 3/2024**

> **"I SEE YOU"** transcends the ordinary act of seeing with eyes; it's about recognising the inherent worth, dignity, and uniqueness of each of us. Seeing the challenges, seeing the potential, seeing people for who they are.

**"I SEE YOU"** is nie net die tema van 2024 se Loslitdag nie, maar in 'n groot mate ook 'n opsomming van die afgelope kwartaal se aktiwiteite hier by Paarl-skool.

Die waarde van ons leerders word nie gemeet aan dinge soos byvoorbeeld fisiese voorkoms, liggaamlike volmaaktheid, akademiese sukses, kultuur, ekonomiese welvaart of maatskaplike omstandighede nie. **Almal is ewe waardig.** Die afgelope kwartaal se prestasies in sport en kultuur is sprekende voorbeelde van hierdie stelling. Dit sluit onder andere die koor se suksesvolle deelname aan die nasionale SASCE-kompetisie in Randburg, sowel as die pragtige prestasies wat in die Paarlvallei en Kaapstad se Eisteddfod behaal is in.

"Dignity" oftewel waardigheid word beskryf as die kwaliteit van 'n persoon wat vir hom of haar **respek, agting en eerbied verdien.** Almal wat Mnr. en Mej. Paarl-skool bygewoon het, sal met my saamstem dat elkeen van dié deelnemers nie net ware ambassadeurs van Paarl-skool is nie, maar ook die gehoor se respek, agting en eerbied verdien. So ook Elanza Jordaan ('n oud-leerder en graad 1A se klashulp) wat Suid-Afrika by die Paralimpiese Spele verteenwoordig het, tesame met Suster Jordaan (haar geutoperateur) en mev. Reinet Barnard (haar afrigter).

Paarl-skool se 328 leerders se **unieke** menswees, uitdagings en behoeftes is weer eens deur toegewyde personeel ondervang.

Dit word weerspieël in die gelukkige kindergesiggies wat altyd vriendelik groet in die skoolgange, hul spontane drukkies en geselsies, ywerige entrepreneurs in die Senior Fase wat hulle produkte verkoop het en die breë glimlagte van die Werksvoorbereiding Koffiewinkel se kelners.

Ons staan tans voor groot uitdagings: omset van poste as gevolg van aftredes, bevorderings of bedankings, swakker inkomste aan skoolgelde as gevolg van ouers se groter ekonomiese uitdagings, 'n ou skoolgebou wat baie onderhoud verg, 'n groot terrein wat in stand gehou moet word en om die onderskeie kurrikulums so te onderrig dat elke leerder se uniekheid aangespreek word. Gelukkig het ons 'n Beheerliggaam met uitstekende vaardighede wat baie toegewyd is en die onderskeie lede uiters passievol hul portefeuljes beklee.

Maar terselftertyd **sien** ons
- nuwe inisiatiewe, energie en passie;
- nuwe geleenthede vir ons leerders;
- hoe nuwe planne gemaak word; en
- hoe ons leerders ontwikkel en groei onder die sorg van toegewyde personeel.


Ons **sien** nie net ons kinders en personeel raak nie, maar ook ons ouers. Baie dankie vir u ondersteuning en betrokkenheid by die skool en u kind se aktiwiteite.

Die mooiste blommetjie, Jordan Smith (graad 7A), is op Lentedag verplant na ons Hemelse Vader se tuin. Haar mooi glimlag, nederigheid en die respekvolle wyse waarmee sy teenoor almal opgetree het, sal ons lank onthou. Ons gedagtes en gebede is met haar ouers, Jacques en Kaylan.

Kom ons gaan voort om mekaar raak te sien - *"seeing people for who they are."*

Paarl-skool groete

Annaline Norman
Skoolhoof





Andie Gumindoga



Jayde Hoff

# Hoofleiers

## DERDE KWARTAAL

**TROTS** *op julle!*

# "Bus Driver Appreciation Day"

Die prefekte het hierdie kwartaal besluit om hul waardering aan ons busbestuurders te wys om dankie te sê vir hul harde werk, elke oggend se vroeg opstaan en dat hulle die leerders veilig skool toe en weer terug huis toe vervoer. Hulle het die busbestuurders bederf met 'n klein geskenkie. Elke busbestuurder by Paarl-skool word opreg waardeer.






# Waarde

## van die kwartaal




"Te dikwels onderskat ons die krag van 'n aanraking, 'n glimlag, 'n vriendelike woord, 'n luisterende oor, 'n eerlike kompliment of die kleinste daad van omgee, wat alles die potensiaal het om 'n lewe om te keer."

- Leo Buscaglia -

# Nasionale Onderwystoekennings

Baie geluk aan Ronel van Dijk (1ste naaswenner) en Mariska Jordaan (2de naaswenner) met hul Nasionale Onderwystoekennings in die afdeling "Uitnemendheid in Spesiale Onderwysbehoeftes".

Welgedaan!



[Klik om na die koor te luister]

# Kultuur

## Koor

Die koor het 'n uiters besige kwartaal gehad met deelname aan die **"South African Schools Choral Eisteddfod"** (SASCE), Paarlvallei Eisteddfod, Kaapstadse Eisteddfod en die Silwervaring Kunstefees. In Julie het die koor eerste plek behaal in die provinsiale been van die SASCE kompetisie wat by die Kunstekaap gehou is en 'n derde plek in die Spesiale Skole kategorie by die Nasionale Kampioenskappe, wat gedurende Augustus in Randburg gehou is. Duisende leerders, van al nege provinsies, het aan hierdie kompetisie deelgeneem. Ons is trots op ons koor wat silwer+ by die Paarlvallei en honneurs (84%) by die Kaapstadse Eisteddfod ontvang het.







## Eisteddfod

Die Courage Eisteddfod het 'n kunskompetisie gehad – Beelde van Madiba. Leerders het die geleentheid gekry om hul idee van Madiba uit te beeld. Ons kan met trots sê dat ons twee wenners gehad het: Dale Lakay en TaytumTitus.

Paarlvallei Eisteddfod
Ons is trots op ons senior sangleerders wat pragtig gesing het by die Frank Petersen Musieksentrum in die Paarl. Goud: Annalise van der Colff, Storm Walters, Keanu Smith en Marieta Kotze
Goud+: Callum Frantz










53 kunswerke is in die Visuele Kunskategorie by die Paarlvallei Eisteddfod ingeskryf.

- ✓ 3 Cum Laude
- ✓ 3 Goud+
- ✓ 13 Goud
- ✓ 18 Silwer+
- ✓ 16 Silwer



Geluk aan William Pienaar, Dale Lakay en Liyabona Jafta met hul Cum Laude toekennings. Dale is ook aangewys as kategoriewenner in visuele kuns gemengde media.

# Mnr. & Mej. Paarl-skool

Wat 'n skouspelagtige aand! Ons tema vir vanjaar se geleentheid was **"Colour pop"**, en dit is pragtig uitgebeeld deur kleurvolle detail. Die vertoning het begin met 'n klassieke swart en wit toneel, gevolg deur 'n sagte pastelkleurige toneel wat herinner het aan die nostalgie van die 1950's. Die seuns het die gehoor vermaak met energie en 'n helder ontploffing van kleur, terwyl die "creative colour runway" en die finale toneel talent ten toon gestel het en mense na hulle asems laat snak het. Ons 15 finaliste het absoluut pragtig gelyk en reg deur die aand gestraal. Baie geluk aan ons wenners: Andy Gumindoga en Aloshay Arendse, 1ste prins en prinses: Corbin Mitchley en Tiffany Cedras, en 2de prins en prinses: Baahir Duncan en Rethabile Njengele. Ons is so trots op al die leerders wat deelgeneem het en die aand onvergeetlik gemaak het.







# Landsdiens

Hierdie kwartaal het ons Landsdiensleerders hul toewyding en harde werk gedemonstreer deur op Nelson Mandela-dag boeke in die biblioteek te organiseer. Hulle het ook 'n onvergeetlike dagkamp geniet, gevul met pret, nat en vuil geword en blywende herinneringe geskep. Ons is uiters trots op Tiago de Oliveira en Corbin Mitchley, wat gekies is om die Wes-Kaap te verteenwoordig by vanjaar se Nasionale Kamp in Desember wat in die Noord-Kaap gehou gaan word.





# Sport

## Veerpyltjies





Veerpyltjies, as sport floreer hier by die Paarl-skool. Baie dankie aan Eben Olivier van Stikland Veerpyltjievereniging vir alles wat hy vir ons doen.



## Netbal



Dit was 'n fantastiese netbalseisoen! Die senior netbalspan het 2 uit 3 wedstryde gewen. Met puik spanwerk, uitstekende groei in vaardighede en vasberadenheid het hulle ons baie trots gemaak.

## Landloop

Soos ons die einde van hierdie landloopseisoen bereik, besin ons oor opwindende tye saam. Die toewyding en dapperheid van ons atlete was niks minder as inspirerend nie. Landloop is meer as 'n sport. Dit is 'n toets van deursettingsvermoë, fisiese, sowel as geestelike uithouvermoë. Dit is maklik om van die kantlyn af te juig, maar dit is hulle moed wat ons almal geïnspireer het. Hulle het nie net met hulle voete gehardloop nie, maar ook met hulle harte. Baie geluk aan al die atlete met 'n goeie seisoen!



Baie geluk aan ons Wes-Kaapse medaljewenners, Zoë Ball en Megan de Jager. Julle het Paarl-skool trots gemaak. Ons wens vir Megan de Jager die beste toe waar sy tydens die Septembervakansie aan die Suid-Afrikaanse Landloopkampioenskappe gaan deelneem.



## Skaak

Hierdie kwartaal het ons skaakspan teen 4 verskillende skole gespeel en elke keer met 'n skrale punt verloor. Soms het ons teen die horlosie gejaag wat ekstra druk op ons spelers geplaas het. Hulle het egter steeds uitstekend gespeel met weldeurdagte strategieë. Ons spankaptein, Joshua van Schalkwyk-Donald, het sterk leiding geneem deur 3 van sy 4 wedstryde te wen. Boonop het hy altyd tyd gemaak om sy spanmaats aan te moedig.



# Sokker

Nog 'n fantastiese vertoning deur ons leerders! Paarl-skool het weereens geseëvier deur die sportmangees wat ons leerders getoon het. Sportdae saam met Jan Kriel-skool en wedstryde teen ons vriende van Tafelberg, het vir ons sokkerspelers die geleentheid gegee om spankompetisie saam met hul vriende te ervaar, terwyl hulle deur hul grootste ondersteuners, hul trotse ouers en voogde toegejuig is. Baie dankie aan ons afrigters, Sheldon Cummins en Buja Gomba, wat ons leerders help om op hul fisiese ontwikkeling te fokus. Soos altyd, 'n spesiale dank aan ons ouers. Sonder u ondersteuning sou hierdie wedstryde nie plaasgevind het nie.





## Boccia - 2024 Paralimpiese Spele

Elanza Jordaan (atleet), Sandrè Jordaan (geutoperateur) en Reinet Barnard (afrigter) was deel van die Suid-Afrikaanse span wat deelgeneem het by die **2024 Parys Paralimpiese Spele** vanaf 22 Augustus tot 6 September 2024. Die kompetisie was baie straf. Daar was 16 individuele deelnemers in die individuele groep en 6 pare in die parespel-afdeling. Elanza en Sandrè het uitsonderlik presteer tydens ‘n baie spanningsvolle kompetisie. Elanza het 3 individuele wedstryde en 2 parespel wedstryde gespeel. Alhoewel sy nie ‘n medalje gewen het nie, is ons geweldig trots op hoe professioneel sy die druk en kompetisie hanteer het. Ons sien uit na hoe sy verdere hoogtes gaan bereik in haar boccia loopbaan! Daar was ook so ‘n bietjie tyd om Parys te verken. Dit was ‘n wonderlike ondervinding en die herinneringe sal vir altyd gekoester word!




Klik vir openingseremonie

Klik vir Elanza se storie








# Koshuis

Die koshuisleerders is heerlik bederf deur Hoërskool Brackenfell. Hulle is genooi om hul musiekblyspel, Grease, te gaan kyk. 'n Heerlike aand van kleur, klank en pure genot.






# Biblioteek



Baie dankie aan Welgemoed NG Kerk en Lida Serfontein vir hul ruim skenking van pragtige boeke. Ons leerders is gretig om hierdie nuwe boeke te lees!

Welgedaan aan die Funksionele Fase vir hul ongelooflike Olimpiese Spele-uitstalling in die biblioteek. Dit was 'n fantastiese leerervaring vir die leerders.






Op 17 Julie het ons Wêreld Emoji-dag gevier met 'n prettige "Raai-die-idioomuitdaging" en die fassinerende wêreld van emoji's ontdek. Emoji's voeg beslis kleur en opwinding by ons lewens!

In Augustus was die biblioteek gesluit vir voorraadopname. Opvoeders Lizelle Williams en Jonita Willemse het al die boeke noukeurig getel - wees verseker, hulle is almal daar! Intussen was Tannie Catherine besig om nuwe boeke oor te trek, so daar is baie om na uit te sien in die nuwe kwartaal. Ons kan nie wag om almal terug te verwelkom by die biblioteek nie!

# Nuus uit die fases

## Voorskoolse Fase

Die Voorskoolse Fase het 'n opwindende en leersame ervaring gehad met 'n besoek van die plaaslike brandweer. Die leerders was opgewonde om die brandweerwa te verken en by die vriendelike brandbestryders oor brandveiligheid te leer. Die leerders het dit geniet om Erfenisdag te vier met 'n egte Suid-Afrikaanse braai.







Ons is ook bly om te deel dat Juffrou Hannelie goed herstel na haar onlangse operasie. Ons wens haar volgehoue beterskap toe.

## Grondslagfase

Welkom aan Juffrou Mariëtta, ons toegewyde graad 3-plaasvervangeropvoeder. Ons waardeer opreg jou toewyding om elke dag van die Paarl af te reis om ons leerders te ondersteun. In 'n kort tydjie het jy 'n geliefde deel van ons skoolgemeenskap geword.



Ons het die Olimpiese Spele noukeurig gevolg, die Suid-Afrikaanse span toegejuig en met trots ons eie Tannie Elanza in die Paralimpiese Spele ondersteun — haar prestasies inspireer ons almal!




Op Mandeladag het ons 'n spesiale besoek van PAT (Pets as Therapy) geniet, waar ons die geleentheid gehad het om met terapiehonde te speel en van hul belangrike werk te leer.

Ons onlangse koekverkoping was 'n soet sukses, danksy ons ondersteunende ouers en entoesiastiese leerders wat 'n verskeidenheid heerlike eetgoed geniet het.




Te midde van besige begrotingsbeplanning en assesserings, het Juffrou Lente die tyd geneem om Lentedag saam met ons te vier, wat 'n tikkie vreugde tot ons skoollewe toegevoeg het.




# Intermediêre Fase

Dit was 'n besige kwartaal vir die Intermediêre Fase. Ons het die skool se verjaarsdag gevier en besoek van terapiehonde gehad. 'n Hoogtepunt was toe ons meer geleer het oor hoe boccia as Paralimpiese sport werk. Tannie Reinet, ons nasionale span se afrigter, het vir ons gewys wat 'n *Jack* is en ons het selfs die rooi en blou balle hanteer. 'n Paar van ons leerders het hierdie jaar vir die eerste keer aan die Conquesta Olimpiade deelgeneem en ons sien hoopvol uit na die uitslae. Ons skoolwerk het nie agtergebly nie en ons leer al hoe meer abstrakte konsepte aan waarmee ons onderwysers ons help deur van konkrete voorbeelde gebruik te maak. Ons het heel kwartaal hard gewerk aan take en projekte.




Deur konkrete aktiwiteite leer ons hoe om abstrak te dink.



Die graad 6-klas doen Wiskunde-aktiwiteite op die rekenaar.



Ons geniet die besoek van "Pets as therapy" en speel met terapiehonde.



Die graad 4-klas oefen geometriese patrone in Wiskunde.

# Funksionele Fase

"Olimpiese Spele" was die tema in die biblioteek vir die derde kwartaal. Leerders van die Funksionele Fase het met groot entoesiasme die bekende embleme van herwinbare materiaal gemaak. Die olimpiese ringe is geverf en daar was selfs 'n plekkie vir 'n fakkel of twee. Foto's van die verskillende paralimpiese sportsoorte het die leerders se belangstelling geprikkel en dit is deeglik bespreek, selfs lank na die biblioteekperiode al verby was. Hierdie uitstalling het beslis die saadjie geplant dat groot drome waar kan word.



Ons groet vir Mev. Carlé Terblanche na 4 jaar by die Funksionele Fase. Haar energie en bereidwilligheid om altyd te help, word opreg waardeer. Die leerders en kollegas in die Funksionele Fase gaan Juffrou Carlé verseker baie mis. Ons wens haar alles wat mooi is en hoop sy vind baie vreugde in die nuwe uitdaging wat sy eersdaags gaan aanpak.




# Senior Fase

Kwartaal 3 was 'n besige kwartaal met baie assesserings wat vroeg in die kwartaal begin het. Die leerders het hulle vaardighede getoets met 'n wye verskeidenheid projekte van opstelle skryf in Tale tot die bou van sonenergie-huise en -oonde in Natuurwetenskappe.



Ons verwelkom vir Juffrou Nadia Pretorius by die Senior Fase! Juffrou Nadia het 'n groot passie en liefde vir kinders. Sy het vinnig deel geword van die Senior Fase-familie en die leerders het gou aanklank by haar gevind.





Ons het met groot hartseer afskeid geneem van Jordan Smith in gr.7. Sy was 'n pragtige jong dame met 'n positiewe geaardheid. Die hemel het 'n engel ryker geword en haar rolstoelspore sal nog lank in Paarl-skool se gange wees. Rus sag, liewe Jordan.

Die jaarlikse Entrepeneursdae het hierdie kwartaal plaasgevind. Daar is 'n paar entrepreneurs wat sal uitblink in die besigheidswêreld.

## Werksvoorbereiding

Die Werksvoorbereiding- en Funksionele Fase-leerders geniet die fase se rekenaarsentrum terdeë. Die opvoeders is net so opgewonde oor die wonderlike voorreg en geleentheid wat ons leerders kry. Die sentrum is in Februarie 2024 op die been gebring en alles verloop seepglad. Sewe-en-negentig leerders word weekliks blootgestel aan verskeie programme, o.a. Cami, Canva, Word en Twinkl. Die leerders besoek die sentrum in klein groepies van 2 of 3 en Me. Casey Mathys, die Rekenaarintervensie-assistent, is altyd gereed om te help, te onderrig en te sorg vir vele pret. Daar word gefokus op wiskundige konsepte, perseptuele, ontwerp- en algemene rekenaarvaardighede. Ons doelwit is om die sentrum so gou as moontlik verder uit te brei met meer rekenaars, 'n wye verskeidenheid sagteware programme en toerusting wat dit toeganklik sal maak vir AL ons leerders. Dankie, Tannie Casey, dat jy ons leerders so mooi help.







# Loslitdag



Op 6 September het ons skool Loslitdag met groot entoesiasme gevier en die geleentheid gewy aan die eer van individue met gestremdhede. Die tema vir hierdie jaar, "Ek sien jou", is kreatief uitgebeeld deur leerders en opvoeders met toepaslike uitrustings en bybehore. Die dag het bestaan uit 'n parade waar almal hul kleurvolle monderings ten toon gestel het, wat 'n atmosfeer van eenheid en waardering geskep het. Dit is gevolg deur opwindende speletjies wat spanwerk en interaksie tussen leerders aangemoedig het en gesorg het vir groot pret en vermaak. Loslitdag was 'n sukses en het ons gemeenskap bymekaargebring om die unieke eienskappe van elke individu te vier en te erken.









# PSOS

## Paarl-skool Ontwikkelingstigting

## Wie is ons?

Die Paarl-skool Ontwikkelingstigting is ‘n nie-winsgewende geregistreerde organisasie.

## Wat doen ons?

Die PSOS ondersteun die skool finansieel. Dit verhoog ook bewustheid oor die skool se behoeftes en die uitdagings van kinders met gestremdhede. Die PSOS dien dus as 'n brug tussen weldoeners en die skool, wat dit vir almal maklik maak om te help.

## Hoekom doen ons dit?

Paarl-skool is grootliks afhanklik van die ruimhartigheid van korporatiewe donateurs, besighede en die gemeenskap om aan sy behoeftes te voldoen.

## Edelweiss Aftreeoord

Op Woensdag, 7 Augustus het inwoners van Edelweiss Aftreeoord Paarl-skool besoek. Dit was 'n heerlike sosiale geleentheid, gevolg deur 'n toer deur die skool vir die inwoners. Dankie, Edelweiss-inwoners, dat julle Paarl-skool ondersteun!

Ons **doppieprojek** groei! Baie dankie aan elkeen wat vir ons skoon doppies bring. Takunda Muchuweni, oud-leerder en tans junior stadsraadslid van Kaapstad, se projek, Greenwheels, samel ook doppies in vir ons. Baie dankie, Takunda, ons is trots op jou!



# Loslitdag

Loslitdag, die Nasionale Raad vir persone met gestremdhede se fondsinsamelings en bewustheidsveldtog is op Vrydag 6 September by Paarl-skool gevier. Ons waardeer elke persoon, skool en besigheid wat vir Paarl-skool met hierdie projek ondersteun het!

## Lojaliteitsprojekte

Klik om te registreer

Baie dankie aan diegene wat Paarl-skool alreeds ondersteun met **SchoolDays** (Dis-Chem) en **MySchool** (Woolworths) kaarte. Maak gerus vir Paarl-skool - Brackenfell u begunstigde indien u nog nie het nie en laat waai met die "swipes"! Baie dankie, Schooldays en MySchool, vir die maandelikse donasies wat Paarl-skool van u ontvang.




## Sosiale media



Volg ons op **Facebook** en **Instagram** vir interessante Paarl-skool stories, nuusbrokkies asook waardevolle en nuttige inligting.

Klik om te volg

## Klub100

Met hierdie projek kan goedhartige mense onderneem om elke maand R100 vir een jaar te skenk. Die fondse help dat Paarl-skool leerders broodnodige dienste en sorg kan ontvang. Kontak asseblief die PSOS-kantoor vir meer inligting.

## MEMO

## Korporatiewe donasies

Die PSOS is 'n geregistreerde openbare weldaadsorganisasie. Artikel 18A-belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan hiervoor uitgereik word. Laat weet ons gerus van enige nuwe kontakte hiervoor.


## Pick-a-Pearl



Met hierdie projek kan instansies spesifieke behoeftige leerders se skoolfonds, busgeld of koshuisgeld borg. Artikel 18A-belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan ook hiervoor uitgereik word.

## Doppies vir herwinning

Stuur u (skoon) plastiekdoppies skool toe - ons verdien 'n lekker geldjie hiermee!



## Webwerf

Besoek die Paarl-skool Ontwikkelingstigting se webwerf!

**https://www.paarlschooldf.com/**

Klik vir webwerf

## Kontakbesonderhede

**Martie Wilmot:**
ontwikkeling@paarlskool.org.za
**Elizbè van der Colff:**
psos@paarlskool.org.za
021 981 3756
071 972 2967

Paarl Skool School
Ontwikkelingstigting
Development Foundation